Venter Anaesthetic Associates

Pasiënt plakker

Ingeligte Toestemming: Blok vir skouerchirurgie

Waarom 'n skouerblok aanbeveel word:

Skouer operasies is post-operatief buitegewoon pynlik en as u skouer pynvry is kan dit maklik en sonder moeite deur die fisioterapeut gemobiliseer word. Vroeë mobilisering van die skouer is baie belangrik vir u rehabilitasie na die operasie en dit help met herstel en spoedige ontslag uit die hospitaal.

Wat is 'n skouerblok?

Dit is 'n inspuiting in die nek naby die senuwee wat na die skouer toe gaan en as dit goed werk verdoof dit alle pyn wat deur die operasie veroorsaak word. Die inspuiting word meestal gedoen wanneer u reeds onder narkose is maar in uitsonderlike gevalle word dit gedoen terwyl u wakker is. Dit is 'n baie gespesialiseerde inspuiting en die lokale verdowingsmiddel moet so naby as moontlik aan die senuwee gespuit word maar nie in die senuwee nie en om dit kan doen gebruik ons hulpmiddels soos 'n sonar of 'n senuweestimulator en ons gebruik ook 'n spesiale naald. Wanneer u wakker word na die operasie mag u hele arm en hand tydelik verlam wees of soms net die arm. Indien die inspuiting goed werk duur die verdowing vir 8-24 uur. Wanneer die gevoel terugkom en die pyn begin, word u met pynmedikasie behandel en gewoonlik is die pyn ook nie so erg as wat dit sou wees indien u nie die inspuiting gekry het nie. U narkotiseur moniteer u gedurende die operasie en sal u evalueer voor u die teater verlaat.

❖ Kontra-indikasies vir skouerblokke:

- Indien u senuweeskade van die arm of hand het.
- Indien u longsiektes soos onder andere emfiseem het.
- Indien u diafragma verlamming vir een of ander rede het.
- Indien u allergies is vir lokale verdowingsmiddels.

Ten spyte van die beste sorg en die nodige voorsorgmaatreëls is daar altyd 'n risiko vir komplikasies.

❖ Ongewone Komplikasies:

- Dit kan gebeur dat die blok glad nie werk nie of net gedeeltelik werk.
- Gevoeligheid, swelling en bloeding van die area waar die inspuiting gedoen word..
- Ander senuwees kan ook geblok word soos die senuwees wat die ooglid, diafragma of stem voorsien. Dit kan veroorsaak dat u een ooglid tydelik hang, die diafragma aan die een kant tydelik verlam is en u 'n gevoel van swaar asemhaling ervaar en ook tydelike heesheid.
- Indien die senuwee wat verdoof moet word deur die inspuiting beskadig word kan dit lei tot verlengde of permanente swakheid of verlamming van die arm en/of die hand.

Die skouerblok is 'n opsie wat ons u bied om u pyn post-operatief te beheer en dit bly steeds u keuse om te besluit of u die skouerblok gedoen wil hê of nie. Daar is geen verpligting op u om dit te neem nie. 'n Skouerblok word gedoen by ongeveer 95% van al die narkoses vir skoueroperasies wat deur ons praktyk gedoen word en ernstige komplikasies is uiters skaars. U word aangemoedig om enige onduidelikhede oor skouerblokke met u narkotiseur te bespreek.

Ek_____het die bogenoemde gelees, verstaan dit en gee hiermee toestemming dat 'n skouerblok op myself/my afhanklike gedoen kan word.

Geteken_____ Datum_____

(Pasiënt, ouer of voog)

Handig asseblief die getekende dokument aan u Sjirurg se kamers - Dankie